Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

14 Augustus 2024
OB 28

Beste Ouers

Die volgende artikel is elektronies verkry uit Rooi Rose, van 17 Januarie 2024:
('n Gedeelte van die artikel is hier gebruik, volg gerus die skakel om die volledige artikel te lees)

Maak kinders met goeie waardes groot

Kinders se waardes word deur hul ouers se waardes, hul vriende, musiek, die media, hul geloof, onderwysers en hul rolmodelle bepaal. Maar hul ouers se waardes en leefwyse het meestal die grootste impak hierop. 'n Sterk karakter met gesonde waardes wat kleintyd geïnternaliseer is, is van die min dinge wat 'n kind 'n leeftyd kan hou en vir hulle gesonde vrugte bly lewer. Waardes bepaal waar jou energie gaan, jou koers en keuses.

Om eties op te tree is nie altyd maklik nie. Vra jouself af: wat sal die gevolge van my optrede of besluit wees?

Erkenning aan Rooi Rose: https://www.rooirose.co.za/kinders-waardes/

Ouers en die skool werk saam om waardes soos respek, omgee en empatie onder ons kinders te kweek. Die maandelikse waardes en Brain Tribe beginsels wat ons by die skool gebruik, is daarop gerig om ons leerders aan te moedig om met respek op te tree teenoor mekaar. Dit is teleurstellend dat 'n handvol leerders nie hierdie beginsels handhaaf nie en dit onaangenaam maak vir medeleerders en personeel binne die skool. Ons sal genoodsaak wees om strenger op te tree teenoor leerders wat na gesprekke, steeds nie hierdie beginsels eerbiedig nie. Individue sal briewe ontvang wat die skool en beheerliggaam se optrede uiteensit, wanneer nodig vir die spesifieke leerders. Terselfdertyd word leerders wat goeie samewerking gee beloon met positiewe punte op die gedragstelsel.

Ons wens ons buurskool, Hoërskool Montagu alle sterkte toe met die komende naweek se Interskole teen Hoërskool Bredasdorp. Mag goeie sportmangees saam met die intense kompetisie, hoogty vier. Alles van die beste met die naweek se reëlings.

Ek herinner u ook aan die spesiale Vroue-oggend aanbieding, eerskomende Saterdag in die saal. Sien asb. ons Facebookblad vir meer inligting. Die dag word aangebied deur W.A. Rossouw Primêre Skool.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Betroubaar

BrainBuddy:
Wagter: "Wees iemand waarop ander kan reken. Indrukwekkend en betroubaar!"



Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 14 Aug	o. 13A netbal, hokkie, rugby: LS Hugo Rust (tuis) Skool sluit 13:00 agv wedstryde (Gr. 1-7) Geen hokkie-oefening agv wedstryde
Vrydag, 16 Aug	Entrepreneurs: Gr. 3D GF Boeke huis toe
Saterdag, 17 Aug	HS Montagu Interskole
Maandag, 19 Aug	Ratem Eisteddfod – Kore Geen hokkie-oefening agv Ratem Eisteddfod
Woensdag, 21 Aug	Jnr & Snr Koor optrede saam met *Zolani Youth Choir* en *Rhodes University* Hokkie-oefening vind plaas
Donderdag, 22 Aug	Wakkerstroom-Wes o. 7 - o. 13 A netbal en rugby (tuis)
Vrydag, 23 Aug	Entrepreneurs: Ope

UITSLAE: HOKKIE VS BREËRIVIER (7 AUG 2024)

HOKKIE

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13 gemeng	Wen	Owen Ngabaza
o. 11 gemeng	Verloor	Mia Vorster en Sion Stemmet

KULTUUR: KORE

Die volgende twee weke is twee belangrike weke vir beide ons skool se kore. Ons versoek dat alle koorlede alle optredes bywoon.

Maandag, 19 Augustus, is dit Ratem Eisteddfod in Riversdal waarvoor die koorlede reeds briewe ontvang het. Indien u kind se skeurstrokie nog nie ingegee is nie, moet u dit so spoedig moontlik na die koorleidsters stuur.

Woensdag, 21 Augustus, tree ons kore ook op saam met *Zolani Youth Choir* en *Rhodes University Chamber Choir* by Laerskool Montagu. Meer inligting sal rakende laasgenoemde optrede gegee word nader aan die tyd.

Ons gaan ook hierdie jaar deelneem aan Hoërskool Montagu se Koorfees op 29 Augustus en sal alle inligting deurgee.

Ons is baie opgewonde vir die geleenthede wat ons kore het.

HOKKIE-OEFENING

Daar sal geen hokkie-oefening op Maandag, 19 Augustus wees agv Ratem Eisteddfod.

Hokkie-oefening vind wel op Woensdag, 21 Augustus plaas.

AKSIE KRIEKETDAG (SPELERS)

Laerskool Montagu nooi u hartlik uit om deel te neem aan ons opwindende aksie krieket dag vir volwassenes, om fondse vir die skool in te samel. Hierdie geleentheid beloof om 'n dag vol pret en spanbou te wees, en ons hoop om u daar te sien.
Datum: 16 November 2024
Tyd: 9:00
Plek: Laerskool Montagu
Koste: R200 per speler

Elke span sal bestaan uit 8 spelers. Die reëls van die dag sal met die spanorganiseerder gekommunikeer word.

Indien u belangstel om deel te neem, kontak asseblief so gou moontlik:
Laerskool Montagu: 023 614 1640 Mnr. De Beer: 081 729 1068

Ons sien uit daarna om hierdie spesiale dag saam met u te deel en waardeer u ondersteuning.

AKSIE KRIEKETDAG (BORGE)

Ons glo dat hierdie geleentheid nie net 'n wonderlike dag van sport en spanbou sal wees nie, maar ook 'n uitstekende geleentheid vir u besigheid om sigbaarheid en betrokkenheid in die gemeenskap te verhoog. Ons verwag 'n groot opkoms van ouers, leerders en gemeenskapslede.
Hoe u kan help:
• **Finansiële Bystand:** Enige geldelike bydraes sal waardeer word en sal direk aangewend word vir die organisasie van die dag.
• **Produkte of Dienste:** U kan ook help deur produkte of dienste te skenk wat ons kan gebruik as pryse of vir die dag se aktiwiteite.
• **Koopbewys:** U kan 'n koopbewys skenk wat ons kan gebruik as 'n prys of vir die dag se aktiwiteite.
As 'n borg sal u besigheid erkenning ontvang deur:
• **Logo en Naam:** U logo en naam sal op al ons promosiemateriaal en program verskyn.
• **Vertoonruimte:** U kan 'n vertoonruimte op die dag hê om u produkte of dienste te bemark.

Indien u belangstel om 'n borg te wees, kontak asseblief so gou moontlik enige een van die volgende nommers:

Laerskool Montagu: 023 614 1640 Mnr. De Beer: 081 279 1068.